
# Juffrou Akinyi


Lawrence A. Konjuro

Afrikaans





Hierdie is my onderwyseres. Haar naam is juffrou Akinyi. Sy is baie lief vir my.





Juffrou Akinyi leer vir ons van die alfabet en die vokale. Ek kan die klanke a, e, i, o, u sê.




Juffrou Akinyi het ons geleer van die kleure rooi, blou, groen, geel en swart.

Tydens slaaptyd sing juffrou Akinyi vir ons ‘n wiegieliedjie.




Die liedjie gaan so: “Goue sluimer gee vir ons jou oë, Glimlagte wag vir jou in jou droom. Slaap sag, liefling, moenie huil. En ek sal vir jou ‘n soet wiegieliedjie sing.”


Juffrou Akinyi ken baie stories. Sy vertel vir ons verskillende stories elke dag van die week.



Op Maandae vertel sy vir ons stories oor goeie mans.




Op Dinsdae vertel sy vir ons stories oor goeie vrouens.




Op Woensdae vertel sy vir ons stories oor verskillende vervoermiddels.


Op Donderdae vertel sy vir ons stories oor boerdery.



Op Vrydae vra juffrou Akinyi dat ons, ons eie stories vir die klas vertel.




Ons onderwyseres is die beste juffrou in die wêreld! As ek groot is wil ek net soos juffrou Akinyi wees.



# Juffrou Akinyi

Writer: Lawrence A. Konjuro
Illustration: Vusi Malindi
Translated By: Karien van Wyk
Language: Afrikaans



This story was developed at a workshop held at Kenyatta University, with Kenyatta University students, run by Dorcas Wepukhulu and Dr Adelheid Bwire. This book is published in memory of student teacher Lawrence A Konjuro.

© African Storybook Initiative, 2014

This work is licensed under a Creative Commons Attribution (CC-BY 4.0) Version 4.0 International Licence

Disclaimer: You are free to download, copy, translate or adapt this story and use the illustrations as long as you attribute or credit the original author/s and illustrator/s.

Saide
South African Institute for Distance Education

www.africanstorybook.org
A *Saide* Initiative